

Toespraak gelewer deur Dr Ivan Meyer, Minister van Kultuursake en Sport, by die VOC 2011 Jaarvergadering - 'Erfenis in die Wes-Kaap'

Datum: Donderdag, 10 Februarie 2011

Plek: Kasteel van die Goeie Hoop, Kaapstad

Dames en here, goeiemiddag en dankie vir die geleentheid om u vandag toe te spreek.

Ek is seker dat u almal weet dat ons vandag hier in die oudste bestaande koloniale gebou in Suid-Afrika sit. Die Kasteel van die Goeie Hoop, soos u weet, is tussen 1666 en 1679 deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, ook bekend as die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) gebou. Vandag, byna 350 jaar later, word nog 'n jaarvergadering van die VOC hier gehou.

Dit is vir my 'n groot voorreg om 'n groep individue toe te spreek wat toegewyd is tot die rol van geskiedenis en die viering van ons erfenis. Suid-Afrika het 'n kleurvolle geskiedenis, met konflikte wat hopelik tot ons geskiedenis beperk sal bly en nie herhaal sal word nie. Van die Nederlandse ontdekkers in die 1600's, tot die Franse Hugenote en die 1820 Britse Setlaars, van 'n kolonie tot 'n onderdrukkende regime, tot die viering van demokrasie en die nastrewing van 'n samelewing waarin almal 'n geleentheid gegun word, niemand kan ontken dat Suid-Afrika 'n ryke geskiedenis het nie, waarin verskeie kulture voorkom, en 'n groot aantal soorte erfenis. Hierdie diversiteit is waarskynlik die rede hoekom daar na ons verwys word as die reënboognasie.

Ek verstaan dat die VOC die publiek uitnooi op besoeke na plekke van belang vir die VOC, lesings en ander aktiwiteite. As 'n liefhebber van geskiedenis, sal ek graag meer wil uitvind oor sodanige besoeke en aktiwiteite.

Die bewaring van erfenis en geskiedenis is baie belangrik, en juis daarom het ek reeds verskeie kere die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek, hier oorkant, in Roelandstraat, besoek. Een van my besoeke was om die "*Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie*" te besigtig. Dit is 'n uitsonderlike historiese skat en ek is trots daarop dat dit in ons argiefbewaarplek gestoor word sodat dit toeganklik is vir my en die publiek.

Sedert my aanstelling in 2010, het ek 'n aantal amptelike besoeke aan verskillende museums afgelê. Ek het die Simonstad-museum indrukwekkend gevind. Dit verskaf 'n oorsig van verskeie oorloë wat op see gestry is. Die geskiedenis van die Simonstadse inwoners word geïllustreer met historiese artefakte, sodat 'n mens op enige dag van die week 'n tydkaapse kan betree en kan ontdek hoe het die mense honderde jare gelede daar geleef.

Erfenis is van kardinale belang en sonder organisasies soos die VOC, gaan geskiedenis verlore. Die terme "Kultuur" en "Erfenis" dra verskillende waardes vir verskillende mense. Vir party, word hul kultuur uitgedruk deur hul taal, godsdiens, gebruike, of gedrag; vir ander, deur hul kleredrag, kunswerk, danse of juweliersware. Ons kultuur is ook 'n betekenisvolle deel van ons erfenis, wat van geslag tot geslag oorgedra word, en bewaar word in 'n fisiese struktuur, plek en viering, of soos vandag, deur 'n organisasie.

Soos vele van u weet, is een van my verantwoordelikhede as LUR vir Kultuursake en Sport om die stigting en werking van die provinsiale erfenishulpbrongesag, Erfenis Wes-Kaap, te administreer. Ek kan met genoegdoening rapporteer dat die Raad van Erfenis Wes-Kaap, wat in Augustus 2010 vir 'n driejaar-termyn aangestel is, onder die bekwame leiding van die voorsitter, Advokaat Ronee Robertson, hulle verantwoordelikhede na die beste van hul vermoë uitvoer.

Ek wil graag die VOC Stigting aanmoedig om dit te oorweeg om as 'n bewaringsliggaam by Erfenis Wes-Kaap te registreer, veral omdat u so baie deskundiges as lede het en daar so baie provinsiale erfenisgebiede in die Kaap is wat betrekking het op die geskiedenis van die VOC-administrasie gedurende die 17^{de} en 18^{de} eeue.

As deel van ons verantwoordelikheid met betrekking tot kultuur- en erfenistoerisme, is die Departement, geaffilieerde museums en Erfenis Wes-Kaap in noue samewerking met die Stad Kaapstad, die provinsiale en nasionale departemente van toerisme om strategieë te ontwikkel ten opsigte van plaaslike, provinsiale en nasionale erfenistoerisme. Insette oor erfenisgebiede wat spruit uit die geskiedenis van die VOC kan groot belangstelling onder toeriste ontlok.

Die interpretasie van provinsiale erfenisgebiede is die verantwoordelikheid van plaaslike gemeenskappe en die eienaars. Erfenis Wes-Kaap se goedkeuring van hierdie interpretatiewe tekens word egter benodig. Ek waardeer die werk wat die VOC Stigting in hierdie verband verrig.

My Departement berei tans die nominasie-dossier voor van die Kaapse Wynlande Kulturele Landskap om deur Suid-Afrika aan UNESCO se Wereld-Erfeniskomitee benoem te word. Daar is nog 'n reeks gebiede in die Wes-Kaap, verwant aan die meting van die Kaapse Meridiaan (middaglyn) en geassosieerde gebiede soos die Koninklike Sterrewag, wat in die 19^{de} eeu, saam met die Struve Arc in Europa, as bevestiging van die Aarde se sferiese vorm gedien het.

'n Aantal transkontinentale voorstelle word huidiglik bespreek deur 'n aantal lidstate van die Wereld-Erfeniskonvensie, waaronder Suid-Afrika.

Gegewe die komplekse grondwetlike raamwerk van beide oorvleuelende en eksklusiewe wetgewende funksies ten opsigte van die wye reeks funksies van my portfolio (Kuns, Kultuur, Erfenis, Museums, Argiewe en Biblioteke), is die Provinsiale Regering toegewyd tot die implementering van sy rol in hierdie opsig. Senior amptenare van my Departement het saam met ander kollegas gedien op die nasionale Minister se Raadgewende Paneel vir die Hersiening van Erfeniswetgewing. Die doel van hierdie hersiening was om vas te stel waar daar leemtes bestaan in die nasionale erfeniswetgewing en om dienooreenkomstig voorstelle in te dien. Die verslag, wat op die nasionale Departement van Kuns en Kultuur se webwerf gepubliseer is, vorm die basis van 'n gefaseerde hersieningsproses van die wetgewing oor die volgende aantal jare.

Ons is ook in die finale fases van die ontwikkeling van 'n nuwe beleid oor museums in die Wes-Kaap. Die Departement van Kultuursake en Sport sal binnekort hul Groenskrif oor die ontwikkeling van 'n nuwe museumbeleid vir die Wes-Kaap publiseer. Dit is belangrik dat organisasies soos u Stigting hierdie dokument bestudeer, aangesien die finale dokument die beleidsraamwerk van die nuwe provinsiale museumwetgewing sal vorm, in die lig van die grondwetlike mandaat op museums 'ander as nasionale museums' in die Wes-Kaap.

In ons strewe na transformasie van die erfenislandskap van die Wes-Kaap, word 'n aantal nuwe permanente uitstallings beplan en oor die volgende aantal jare tot stand gebring. Die betrokkenheid van plaaslike inwoners en belanghebbendes sal as riglyn dien vir die Museumdiens en die toepaslike geaffilieerde museums oor temas en onderwerpe wat oorweeg moet word.

Die Departement het oor vele jare al reisende uitstallings geloods, insluitende een wat die 350ste herdenkingsjaar van die verversingstasie aan die Kaap van Goeie Hoop gevier het. Die mees onlangse reisende uitstalling vier die Suid-Afrikaanse Nobelpryswenner en die streeksopening, in die Kaapse Wynland, vind vanaand by die Drakenstein Gevangenis plaas.

Kollegas, dames en here, soos u sien, is hierdie Departement baie besig om verskeie erfenisaktiwiteite te bevorder. Ek wil u weer eens bedank vir die geleentheid om u toe te spreek, dit was 'n voorreg om hier in die oudste bestaande koloniale gebou in Suid-Afrika, in die teenwoordigheid van sulke toegewyde individue te wees.

Dankie.